# 'N „NUWE BENADERINGSWYSE" VAN ONS GESKIEDENIS

Dr. F. A. van Jaarsveld : Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, Deel I, Pioniershartstogte (1936-1864). Uitgegee deur Impala Opvoedkundige Diens, Johannesburg, 1951. Prys 30/-.

In hierdie werk probeer dr. van Jaarsveld om, soos hy dit in sy „Probleemstelling" voor in die boek stel, die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners as geheel te oorsien, d.w.s. „*alle* samehange . . . in 'n sintotaliteit" aan te dui wat weer „sin vind in die samehang van koloniale Suide en republikeinse Noorde, wat beide weer met Londen, as buitewêreld, in samehang gestaan het." Onwillekeurig vra mens jou af waarom die skrywer, wat byna al ons geskiedskrywers tot op datum veroordeel omdat hulle hul taak nie só breed aangevoor het nie, sy eie werk gaan beperk het tot Londen as uiterste grens. Immers, Londen was nie 'n selfstandige of selfs die enigste grootheid waarmee Suid-Afrika — Koloniaal of Republikeins — „in samehang" gestaan het nie. Londen het op sy beurt weer „saamgehang" met die res van die wêreld, waarmee ook Suid-Afrika, heeltemal buite Londen om, 'n samehang bewaar het — en dit het nogal 'n besondere betekenis gehad, nie alleen vir die ontstaan van die Republikeinse Noorde nie maar ook vir die ontwikkeling daarvan. Hierdie feit is gladnie deur van Jaarsveld raakgesien nie en moet dan ook, volgens sy eie kriterium, as een van die fundamentele swakpunte van die „nuwe" wyse waarop hy ons Geskiedenis benader het, gesien word. Hy moes hom óf tot die eintlike onderwerp van sy studie bepaal en dit op die ou konvensionele wyse behandel het, soos die meeste ander geskiedvorsers in Suid-Afrika en hyself ook eenmaal met welslae gedoen het, óf hy moes die saak in sy volle breedte aangepak het — 'n taak wat egter baie jare se intensiewe studie sou verg en waartoe hy as jong doktorale student ook volstrek onryp was. Deur die saak aan te pak soos hy nou gedoen het, het dr. van Jaarsveld homself en ons geskiedskrywing 'n ondiens bewys. In die beperkte tyd waarin hy hom aan sy taak gewy het, was hy — veral omdat hy die onderwerp in 'n breë verband wou sien — nie in staat om die bronne wat op daardie onderwerp betrekking het, soos 'n egte historikus volledig en sorgvuldig op te diep, te bepeins en te ontleed en op grond van 'n volledige feitekennis tot 'n weldeurdagte oordeel of gevolgtrekking te kom nie. Sy feitekennis het oppervlakkig gebly en om vir die gebrek daarvan te kompenseer, het hy, bewus of onbewus, op filosofiese bespiegelinge staat gemaak om die beeld van die verlede te konstrueer. Hy het dus inderdaad

in die opstel van sy werk meer op sy filosofiese vermoë as op sy navorsing staat gemaak, met die rampspoedige gevolge dat hy in sy strewe om 'n grotendeels bekende geskiedenis nuut te laat voorkom en sodoende bestaansreg vir sy eie werk te vind, nie alleen bekende feite wanvertolk het nie, maar enersyds selfs dinge geskep het wat nooit bestaan het nie en andersyds bestaande feite as onwerklikhede uit die weg geskuiwe het. Om enkele voorbeelde aan te haal.

Op bl. 287-288 vertel hy dat ná die vredesooreenkoms of „Volksbesluit" van November 1861, 'n kommando van 300 of 400 man opnuut die rus versteur het deur Schoeman op sy setel te gaan set en die „parmantige dikpens" — d.i. volgens hom waarskynlik Paul Kruger — te wil afsit. Hierdie hele verhaal berus op 'n in die *Staats Courant* gepubliseerde brief van H. Stiemens aan J. G. C. van Leenhof waarin die plan vir 'n staatsgreep met die doel om Schoeman waarnemende President te maak, uiteengesit word. As hy sy bronne behoorlik ontleed het, sou hy egter vind dat die brief nie uit die jaar 1861 nie maar wel uit 1860 dateer en dat dit dus in verband staan met die „staatsgreep" van Desember 1860. Die parmantige dikpens waarna verwys word, is ook nie Paul Kruger nie maar wel J. H. Grobler, die deur die Volksraad aangestelde fung. President. In Desember 1861 was daar eenvoudig nie so 'n beweging as dié waarvan hy melding maak nie.

Op bl. 218 beweer hy weer dat die vrouelaers waarin die burgerfamilies tydens die eerste Basoetoe-oorlog vrywillig skuiling gaan soek het terwyl hul mans op kommando was, *konsentrasiekampe* was — die eerste in Suid-Afrika. Groter onsin as dit is in ons Geskiedenis nog nie verkoop nie. Hierdie vrouelaers was nie die eerste en sou ook nie die laaste in ons geskiedenis wees nie, *maar konsentrasiekampe was hulle nie*!

Op bl. 278 en ook elders heet dit weer dat Schoeman, volgens art. 63 van die Grondwet, nie waarnemende President kon wees nie, aangesien hy Kommandant-Generaal was. Dat hierdie interpretasie van die betrokke artikel hopeloos verkeerd is, word duidelik bewys deur die feit dat komdt.-genl. Piet Joubert in die Kruger-tydperk vir 'n lang tyd vice-president was, ten spyte van hierdie artikel wat tot aan die end van die bestaan van die Republiek van krag was. Maar . . . bowendien het Schoeman, toe hy in Desember 1860 waarnemende President geword het, afstand van sy posisie as Kommandant-Generaal gedoen vir die tydperk wat hy die Presidentsamp sou beklee, en as waarnemende Komdt.-Genl. is toe gekies W. C. J. van Rensburg. Om te beweer dat die *Grondwet* Schoeman belet het om waarnemende President te wees, is dus beslis verkeerd. Inteendeel, volgens Grondwet het die pos hom toegekom, en die feit dat die Volksraad in hierdie

verband in stryd met die bepalings van die Grondwet gehandel het, was een van die grondoorsake van die Burgeroorlog.

Die skrywer se verbeeldingsvlugte bereik egter 'n hoogtepunt as hy die Republikeinse noorde, insonderheid Transvaal, in „*de facto*" republieke of state begin verdeel en daardie state weer te niete doen wanneer dit hom believe. As die skrywer hom maar werklik in die verlede kon ingeleef het i.p.v. voortvarend uit die hoogte daaroor te oordeel, sou hy sy dwalinge spoedig begryp het. Afgesien van Lydenburg wat hom vir enkele jare van die Suid-Afrikaanse Republiek afgeskei het, het daar geen ander state binne die Suid-Afrikaanse Republiek bestaan nie. Dat die sentrale gesag gedurende die wordingsjare van die Suid-Afrikaanse Republiek nie sterk was nie, met die gevolg dat die verskillende distrikte dikwels selfstandig moes optree om die nodige bestuursreëlings te tref, is bekend, net soos ook bekend is dat daar onderlinge wrywing tussen leiers geheers het wat die situasie soms vertroebel het, maar dit vernietig nie die feit dat daar wel 'n sentrale gesag bestaan het aan wie al die verskillende distrikte onderhorig was, en dat daardie gesag met die jare steeds stewiger ontwikkel het nie.

Vir hierdie ontwikkeling van 'n stewige sentrale gesag gefundeer op 'n behoorlike grondwet, kom die eer in die eerste plek toe aan Marthinus Wessel Pretorius, die invloedryke President van die Suid-Afrikaanse Republiek, wat homself geen offers gespaar het om 'n behoorlike bestuursvorm vir die Suid-Afrikaanse Republiek te verseker nie.

Wie die geskiedenis van M. W. Pretorius onbevange nagaan, kan nie anders nie as tot die gevolgtrekking te kom dat hy een van die onbaatsugtigste patriotte was wat Suid-Afrika ooit opgelewer het — 'n man wat brandarm gesterf het omdat hy sonder persoonlike ambisie en steeds bereid was om alles op te offer wat sy volk en vaderland van hom geëis het; draer van daardie groot Afrikaner-ideale wat ook, toe hy tot volle rypheid gekom het, deur Paul Kruger oorgeneem en met soveel ywer voortgesit is.

Dr. van Jaarsveld hou egter blykbaar nie van patriotte nie, soos blyk uit die feit dat hy feitlik alle uitinge van vaderlandsliefde aan die kant van die Voortrekkers uiters ligsinnig behandel en dit beskou as slegs 'n „apologetiese" poging van daardie mense om regverdiging vir hul bestaan as nasie te probeer vind. In Van Jaarsveld se oë is die geëerde M. W. Pretorius dan ook 'n eer- en heerssugtige dwingeland wat tussen persoonlike ambisies en onbaatsugtige opoffering vir 'n ideaal bly vassteek het en „wie se grootheid op 'n mite gebaseer was" — 'n man sonder staatsmanswysheid of sin vir diplomasie en die stigter van wanorde en chaos. Pretorius se teenstanders daarenteen, bv. die Engelsgesinde pres. Boshof van die Vrystaat (wie se hoof-

strewe dit blykbaar was om die Vrystaat weer onder Britse vlag te bring) en St. Schoeman (d.w.s. voordat hy sy gewig by Pretorius ingewerp het) word voorgestel as skerpsinnige staatsmanne, demokrate en diplomate. Bewyse vir hierdie stellings ontbreek volledig of is so onoortuigend dat geen kenner van daardie geskiedenis hulle kan aanvaar nie. As Pretorius bv. met 'n sterk hand optree, word hy bestempel as outokraties, kortsigtig, ondiplomaties, en wat dies meer sy. Doen Boshof dit egter, dan word sy „wysheid" en „sterke arm" geroem. Die eienaardige van die hele toestand is egter — en dit kan selfs die „filosoof" van Jaarsveld nie ophelder nie — dat die heerssugtige outokraat Pretorius in sowel Transvaal as die Vrystaat deur by verre die grootste meerderheid Afrikaners aangehang word, ja, sedert 1858 selfs deur sy aanvanklike aartsvyand, St. Schoeman, terwyl die „demokraat-staatsman" Boshof, met al sy bekwaamhede, 'n ongewilde figuur in die Vrystaat — en ook in Transvaal — bly.

Nog 'n figuur vir wie van Jaarsveld geen tyd het nie en wat hy as 'n soort pouslike gesag veroordeel, is ds. Dirk van der Hoff — ook 'n persoon oor wie hy allerhande oordele vel sonder dit met feite te staaf. Dat ds. van der Hoff, ewe-as M. W. Pretorius, foute gehad en gemaak het, wil ons toegee, maar die karakterswakhede wat van Jaarsveld hulle toedig, bestaan grotendeels uit louter fantasie.

Die skrywer weet glad te vertel van 'n sgn. van der Hoffiaanse kerk wat in die Suid-Afrikaanse Republiek bestaan en die godsdiensvryheid aldaar aan bande gelê het. Hiermee bedoel hy natuurlik die Ned. Gereformeerde — ook genoem die Ned. Hervormde — Kerk der Z.A. Republiek, maar wat dié Kerk eintlik teen die godsdiensvryheid gesondig het, is my nie duidelik nie. Die feit dat die Gereformeerde Kerk van ds. Postma onbelemmerd in die S.A. Republiek kon wortel skiet en groei, weerlê die stelling as sou daar geen godsdiensvryheid bestaan het nie, volkome. Dat die Transvaalse Kerk nie onder die Kaapse sinode wou ressorteer nie, is uit politieke oogpunt beskou, heeltemal begryplik, en dit sou hom nogal die moeite geloon het as die skrywer die houding van die Kaapse Kerk teen die Voortrekkers sorgvuldig nagegaan en geboekstaaf het ; dan sou sy lesers minstens die houding van die Transvaalse kerk t.o.v. die sinodekwessie begryp het. Ook moes hy, i.v.m. die vraagstuk van die afskeiding van Lydenburg eers van die sgn. „van der Hoffiaanse Kerk" en later van die S.A. Republiek self, die rol van sekere leierspersoonlikhede — bv. H. T. Bührmann — noukeurig onder die ontleedmes geneem het, soos hy probeer doen het t.o.v. M. W. Pretorius, van wie hy graag 'n gerieflike sondebok maak. Die feit dat hy aan sekere leierspersoonlikhede wat ook 'n belangrike rol vervul het in die geskiedenis wat hy behandel, so min aandag wy, maar hul sondes op die skouers van ander plaas, lewer maar net nog 'n bewys van die skrywer se gebrek aan oordeelvermoë en objektiwiteit. Van Jaarsveld se werk is dan

ook een van die eensydigste waarmee ek nog op die gebied van die wetenskaplike geskiedskrywing kennis gemaak het.

Nog 'n ernstige leemte in die werk is die feit dat die skrywer dit, om die een of ander duistere rede, vir ander wetenskaplikes uiters moeilik maak — ja, dikwels word dit bykans 'n onmoontlike taak — om die waarheid van 'n groot aantal van sy bewerings te toets, deur die bewysplase vir daardie beweringe nie regstreeks in voetnote by daardie bewerings te noem soos ander historici doen nie, maar die leser voortdurend te verwys na voetnote wat elders in sy werk voorkom en waar die gesogte bewysplase dan versteek sou wees. Waarom hy hierdie soekspeletjie — wat hom 'n ontsaglike hoeveelheid oorbodige arbeid moes gekos het — vir sy lesers uitgedink het, is vir my volstrek onbegryplik. Die enigste resultaat wat hy daarmee bereik het, is om die lees van sy werk — wat reeds in so 'n fyn druk geset is dat dit die oë vermoei, en bowendien ook nog deur talle drukfoute ontsier word — ontsettend te bemoeilik en die bronne waarop verskeie van sy stellings gefundeer is, te verberg.

Die werk het natuurlik ook verdienstes — ek dink bv. aan die skrywer se uiteensetting van die politieke aspirasies en aktiwiteite van sir George Grey, 'n persoon wat in ons geskiedenis nog gans te veel as 'n vriend van die Afrikaner gehuldig is — maar hierdie verdienstes word ongelukkig deur die swakhede van die boek oorskadu, swakhede wat die gevolg is van oppervlakkige bronnestudie, die skrywer se „nuwe benaderingswyse" van ons geskiedenis, en die voortvarende wyse waarop hy hom oor persone en sake uitlaat waarvan hy geen diepgaande kennis besit nie.

Dit is ongelukkig dat die werk ooit verskyn het, want as akademiese proefskrif sal dit steeds 'n mate van gesag dra. Leke sal aldus mislei en ja, selfs historici wat met die vroeë geskiedenis van die Republikeinse Noorde nie deeglik vertroud is nie, sal geïmponeer word deur die hoogdrawende stellings van die skrywer, soos reeds bewys word deur die gunstige resensies wat daar o.a. in die *Transvaler*, die *Voorligter* en Transvaalse Onderwysblad oor die boek gelewer is. Die werklike kenner van daardie geskiedenis sal die boek grotendeels egter steeds met diepe teleurstelling lees, omdat dit nie 'n korrekte weergawe van die feite van daardie geskiedenis bevat nie. My advies aan die outeur is dan ook om, voordat hy met dele II en III van sy werk voortgaan, 'n grondige studie van die feite van ons geskiedenis in die Argief te kom maak en in die behandeling daarvan terug te keer tot die ou paaie wat hy eenmaal met sukses bewandel het en wat trouens ook die enigste pad is waarop die ware historikus hom mag begewe as hy sukses wil behaal.

J. H. BREYTENBACH.

Pretoria.